

14 Desember

Psalm 91

(Teks: 91:14 -16) God het ons eerste liefgehad

Ons het almal behoefte aan redding, want ons is die dood skuldig oor ons sondes. Ons het almal behoefte aan beskerming, want sonder beskerming is ons weerloos. Ons het almal behoefte daaraan dat God ons gebede verhoor, want sonder gebedsverhoring is ons magteloos. Ons het almal behoefte aan God se nabyheid, want as Hy ons sou verlaat, is dit klaarpraat met ons.

God sê: Omdat hy My liefhet, sal Ek hom red. Maar die wonderlike is: Ek kan die Here alleen liefhê, omdat Hy my eerste liefgehad het

God sê: Omdat hy My ken, sal Ek hom beskerm. Maar die wonderlike is: Ek kan die Here alleen ken, omdat Hy Homself aan my bekend maak het deur sy Woord.

God sê: Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor. Maar die wonderlike is: Ek roep sy Naam alleen in die gebed aan omdat Hy my liefhet en Homself in sy Woord aan my bekend maak het as die enigste ware God wat vol van genade en liefde en trou en vergifnis is in Jesus Christus.

God sê: In sy nood sal Ek by hom wees. Die wonderlike is: Ek het die versekering dat God by my is elke oomblik van my lewe, ook wanneer ek in die nood is, want Hy het sy eie Seun aan die kruis verlaat sodat Hy my nooit hoef te verlaat nie.

Alles is dus net genade uit sy hand en sy genade maak my dankbaar.

Sing Psalm 91:1 Ds. H.P.M. van Rhyn (Witpoortjie)